basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**RELIGIESTUDIES V2**

**2021**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
2. Beantwoord enige DRIE vrae.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.
7. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**GESLAGSDISKRIMINASIE**

Meokgo Matuba, die algemene sekretaris van die ANC se Vroueliga, het onlangs by 'n mediakonferensie gesê: 'Volgens 'n vyfjaarverslag deur die Hate Crimes Working Group, is die groep waarteen die meeste in Suid-Afrika gediskrimineer word, die lesbiër-, gay, biseksuele, transgender-, queer- en interseksuele (LGBTQI)+-gemeenskap. 35% van alle haatmisdade word deur LGBTQI+-mense aangemeld. Dit vind plaas ten spyte daarvan dat die beskerming van die LGBTQI+-gemeenskap se regte in artikel 9 van die Konstitusie, wat diskriminasie gebaseer op geslag of seksuele oriëntasie verbied, vasgelê is.'

[Aangepas uit die *Pretoria News*, 6 Januarie 2020]

1.1 Bespreek kortliks die impak van diskriminasie op die LGBTQI+-gemeenskap. (10)

1.2 Waarom, dink jy, is daar soveel diskriminasie teen die LGBTQI+-gemeenskap? (14)

1.3 Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, bespreek die leringe daarvan oor enige vorm van diskriminasie. (14)

1.4 Bespreek praktiese strategieë wat die godsdienstige gemeenskap kan gebruik om die probleem van geslagsdiskriminasie te oorkom. (12)

**[50]**

**VRAAG 2**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Leringe hou verband met oortuiging in die sin dat volgelinge geloof in 'n spesifieke godsdiens sal hê omdat hulle 'n stel leringe aanvaar het wat hulle voel, waar is.

[Bron: *Focus on Religion Studies, Grade 12*, RD Donne et al.]

2.1 Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, beantwoord die volgende:

2.1.1 Bespreek die aard van die wêreld. (10)

2.1.2 Bespreek die aard van godheid. (10)

2.1.3 Skryf VYF feite neer wat verduidelik wat hierdie godsdiens oor die lewe na die dood verkondig. (10)

2.2 In die konteks van godsdiens, bespreek die rol van die volgende:

2.2.1 Mondelinge tradisie (10)

2.2.2 Kontemporêre inspirasie (10)

**[50]**

## VRAAG 3

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Geen godsdiens is 'n soliede monolitiese eenheid nie. Almal het baie interne verskille en het sedert hulle ontstaan sulke verskille gehad.
>
> [Bron: *Religion Studies Grade 12*, Steyn et al.]

3.1 Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, beantwoord die volgende:

3.1.1 Bespreek die historiese ontwikkeling van die vertakkings daarvan. (12)

3.1.2 Tabuleer die geloofsverskille van enige TWEE van die vertakkings daarvan. (12)

3.2 Noem en verduidelik enige DRIE hermeneutiese beginsels. (12)

3.3 Bespreek die oorsprong van heilige tekste in enige EEN godsdiens. (14)
**[50]**

## VRAAG 4

4.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Die moeilikhede tussen godsdiens en wetenskap het eers in die laaste vier eeue ontstaan. Die verhouding tussen hierdie twee maniere om die wêreld te beskou, het van hier af verder al hoe meer mededingend, selfs teenstrydig, geword.
>
> [Bron: *Religion Studies Grade 12*, Steyn et al.]

4.1.1 Verduidelik waarom Boeddhisme nie 'n probleem met Darwin se evolusieleer het nie. (14)

4.1.2 Bespreek die reaksie van enige EEN Abrahamitiese godsdiens op die Oerknalteorie. (14)

4.2 Noem EEN sekulêre wêreldbeskouing en verduidelik die leringe daarvan. (12)

4.3 Bespreek die redes waarom sekularisme in die wêreld al hoe meer gewild word. (10)
**[50]**

**VRAAG 5**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**GODSDIENS EN KONFLIK**

Godsdienste is veronderstel om ons hoogste ideale en verwagtinge te verteenwoordig. Jy sou dus dink dat godsdienste ons sou inspireer om vrede na te streef en om in harmonie saam met ander te leef, maar die teenoorgestelde is waar omdat daar bewyse van godsdienstige konflik in baie dele van die wêreld is.

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

5.1 Noem EEN gebied, BUITE Afrika, waar verskillende godsdienste moontlik by gewapende konflik betrokke is. (2)

5.2 Met verwysing na die gebied wat jy geïdentifiseer het, beantwoord die volgende:

5.2.1 Bespreek die geskiedenis van hierdie konflik breedvoerig. (16)

5.2.2 Wat het die res van die wêreld gedoen om hierdie situasie te hanteer? (8)

5.2.3 Brei uit oor die mate waartoe godsdiens betrokke is. (14)

5.3 Skryf VYF feite neer oor enige EEN INTRAGODSDIENSTIGE konflik (konflik binne 'n godsdiens). (10)
**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou